

# Laerskool KENRIDGE Primary School

<u>Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram</u>: 3de Oplaai (28 April)

**Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruikword.**

<table>
<tr><th>Vak en Bronne</th><th>DINSDAG</th></tr>
<tr><td><u>AFRIKAANS HUISTAAL (HT)</u><br><br>Platinum Handboek<br>Klaswerkboek</td><td><u>Lees</u><br>Lees die inligtingsteks, Dosyn feite oor dolfyne, op bl. 206 in handboek.<br><u>Maak 'n voorblad (geheuekaart)</u><br>- Maak 'n voorblad vir Tema 7, Oseane, in jou werkboek.<br>- Gebruik die inligting wat jy op bl. 206 gelees het om 'n voorblad in die vorm van 'n geheuekaart te skep waarin jy 12 feite oor dolfyne verskaf. Dit hoef nie volsinne te wees nie.(Sien voorbeeld.)<br><br><br><br>Kyk gerus na die video oor dolfyne vir meer inligting.</td></tr>
<tr><td><u>ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)</u><br><br>Rainbow Book</td><td>Rainbow book p82 & 83.<br>Read a Fable. Write all the answers in your Rainbow Book. (20 – 30min)</td></tr>
<tr><td><u>WISKUNDE</u><br><br>Iconic</td><td>· Iconic boek bl.22 (blok 41; 45) Blok 45 memo: https://youtu.be/c1_axt3K8qA<br>· HTU ÷ TU<br>Die metode bly dieselfde as vir HTU ÷ U wat ons in kwartaal een gedoen het.<br>bv.<br><br><br>Kyk na die hovercam video (https://youtu.be/o6CLV2TWnQQ) vir 'n voorbeeld.<br>· Voltooi die somme in jou studienotasboek/opsommingsboek.<br><br><table><tr><td>1. x = 187 ÷ 13</td><td>2. x = 618 ÷ 22</td></tr><tr><td>3. x = 205 ÷ 17</td><td>4. x = 739 ÷ 25</td></tr></table></td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **NW** | |
| **GESKIEDENIS** | 1. Blaai na bladsy 68 van jou Sosiale Wetenskappe handboek. Kyk noukeurig na die tekening van die **kraal** en lees die **woordbank** bo-aan die bladsy.<br>2. Lees die ander inligting op bladsy 68 en 69.<br>o Die tekening van die kraal wys die plek waar `n familie gewoon het.<br>o Het jy opgemerk dat die kraal uit verskeie hutte, `n veekraal en graanstore **bestaan**? (Kyk na die tekening van `n graanstoor en lees die paragraaf oor graanstore op bladsy 70.) Daar was ook `n kombuisarea en plek vir vergaderings.<br>o Die **hoof** van die kraal het in die **Groot Hut** gewoon.<br>o `n **Dorpie** het uit verskillende groepe krale bestaan.<br>o Groot dorpies was in gebiede met **baie hulpbronne**. Kan jy 5 belangrike hulpbronne op bladsy 69 vind?<br>3. Maak jou werkboek op bladsy 17 oop.<br>o Jy moet nou die **prentjie** wat op bladsy 68 is op bladsy 17 van jou **werkboek** teken.<br>o Onthou om die **datum** en `n **opskrif** (`n KRAAL) te skryf.<br>o Skryf al die **byskrifte** netjies in DRUKSKRIF met jou **fineliner**.<br>o Kleur die prentjie mooi in.<br><br>**Onthou om altyd jou bes te doen! Moenie oorhastig wees nie. Jy kan altyd hierdie werk môre voltooi indien nodig.** |
| **AARDRYKSKUNDE** | Geen aardrykskunde hierdie week nie. Gebruik die tyd om jou geskiedenis **netjies** te voltooi. |
| **TEGNOLOGIE** | |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | LO - https://youtu.be/BDbbG60nO_E<br>Kuns – Volg die program in die “memo folder”. **OPSIONEEL** |

# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 3de Oplaai (27 April)

| Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruikword. | |
|---|---|
| **Vak en Bronne** | **WOENSDAG** |
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br><br>**Platinum Handboek**<br><br>**Klaswerkboek** | **Leesbegrip**<br>- Lees Teks 1 op bl. 64 & 65 – *'n Nuusverslag*<br>- Beantwoord die **Post-lees** vrae (HB. bl. 66 nr. 1,3-9) in jou werkboek. Beantwoord in **volsinne**!<br>- Doen ook **Werk met woorde** nr. 1 & 2 (HB. bl. 66) in jou werkboek.<br>- Gebruik die volgende opskrif: _____ April 2020<br>HB. bl. 66 Post-lees en Werk met woorde<br>Kyk gerus na die volgende tsoenami video vir meer inligting. |
| **ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)**<br><br>**Rainbow book** | Rainbow p.89.<br>Complete all the exercises on the page. (20 – 30min) |
| **WISKUNDE**<br><br>**Iconic**<br><br>**Rainbow book** | · Iconic boek bl.22 (blok 42; 43)<br>· HTU ÷ TU<br>→ Reënboogboek bl.169 (gebruik die metode van gister)<br><br>· Faktore. Reënboogboek bl.136-137 |
| **NW**<br><br>**WERKBOEK STUDIE-/OPSOMMINGSBOEK** | ***ONDERWERP: Eienskappe van metale & Die vyf verskillende kragte wat uitgeoefen kan word.***<br><br>1. Lees bl. 30 en 31 in jou werkboek aandagtig deur. Onderstreep terme wat belangrik is.<br><br>• ***Eienskappe van metale:***<br>• Daar is 6 **belangrike** eienskappe van metale.<br>• Nadat jy dit aandagtig deurgelees het, onderstreep die terme wat vir jou uitstaan.<br>• Daar is 6 woordjies (1 in elke eienskap) wat baie belangrik is. Maak seker jy onderstreep die volgende woorde duidelik;<br><br>1. Sterk<br>2. Hard |

| | |
|---|---|
|  | 3. Blink<br>4. Smeebaar<br>5. Rekbaar<br>6. Smelt teen hoë temperatuur.<br><br>• ***<u>Daar is vyf soorte kragte wat uitgeoefen kan word:</u>***<br>• Daar is 5 belangrike soorte kragte wat uitgeoefen kan word.<br>• Maak seker jy verstaan elk van die kragte, sowel as die prentjie en ook ‘n voorbeeld van elk.<br>• Onderstreep terme wat jy as belangrik beskou.<br><br>2. Nadat jy bl. 30 en 31 gelees, verstaan en onderstreep het, gaan ons bietjie kreatief wees. In jou studieboek/opsommingsboek gaan jy ‘n breinkaart ontwerp wat die 2 bladsye se werk netjies en effektief opsom.<br><br>ONTHOU - WAT IS BELAGRIK VAN ‘N OPSOMMING?<br>• Al die belangrike terme word gebruik.<br>• Verstaanbaar<br>• Netjies<br><br>Jy kan ‘n voorbeeld wat ek gemaak het kry op die volgende video. |
| **<u>GESKIEDENIS</u>** | Voltooi gister se werk indien nodig. |
| **<u>AARDRYKSKUNDE</u>** | Niks hierdie week nie. |
| **<u>TEGNOLOGIE</u>** | |
| **<u>LEWENSVAARDIGHEDE</u>** | LO - https://youtu.be/BDbbG60nO_E<br>Kuns – Volg die program in die “memo folder”. **OPSIONEEL** |

# Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 3de Oplaai (27 April)

| Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruikword. | |
|---|---|
| **Vak en Bronne** | **DONDERDAG** |
| **AFRIKAANS HUISTAAL (HT)**<br><br>**Platinum Textbook**<br><br>**Rainbow book** | **Skryf 'n paragraaf**<br>- Bestudeer weer die grafiek op bl. 65.<br>- Skryf nou 'n **paragraaf** van 4-5 sinne om jou bevindings aan te teken. Doen dit op 'n lyntjiespapier en plaas dit in jou algemene leêr.<br>- Noem die volgende in paragraaf:<br>• Watter land(e) het die sterkste aardbewing volgens die Richterskaal beleef en hoe sterk was die aardbewing(s) volgens die Richterskaal?<br>• Watter land(e) het die swakste aardbewing volgens die Richterskaal beleef en hoe sterk was die aardbewing(s) volgens die Richterskaal?<br>• In watter jaar het die bogenoemde aardbewings plaasgevind? |
| **ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)**<br><br>**Rainbow book** | Rainbow book p.90 & 91 Comprehension & Grammar. Write all answers into your Rainbow Book. (20-30min)<br><br>For the first exercise on p91, you may notice that there are a few grammar mistakes in questions 1, 2 and 5. (Well done if you spotted them by yourself!)<br>They should read as follows: (corrections in red)<br>1) When a teacher gives you pointers about something, he gives ...<br>2) Getting permission from your parents means receiving ...<br>5) Something is confusing when it is ... |
| **WISKUNDE**<br><br>**Iconic** | · Iconic boek bl.22 (blok 44)<br>· HTU ÷ TU<br>→ Reënboogboek bl.170-171 (die metode bly dieselfde) |
| **NW** | |
| **GESKIEDENIS** | Maak seker dat bladsy 15-17 in jou werkboek netjies voltooi is. |
| **AARDRYKSKUNDE** | Niks hierdie week nie. |

| | |
|---|---|
| **TEGNOLOGIE**<br><br>**Handboek:**<br>**Platinum NWT**<br><br>**YouTube** | Lees bladsy 86 - 93 (Platinum handbook) noukeurig deur. Moenie die aktiwiteite doen nie. Dit is nie belangrik nie. Ons kombineer materiale wanneer ons hulle op 'n sekere manier saamvoeg. Ons kry baie ander nuttige produkte uit die verwerking van grondstowwe. Daar is baie maniere om materiale te verwerk. Ons kan verskillende materiale meng en laat stol, kook, verkoel of uitdroog om nuwe materiale te skep.<br><br>Kyk die ***How it's made*** videos oor die maak van kaas, moersleutels (spanners) en skroewedraaiers.<br>**HIERDIE VIDEOS IS OPSIONEEL EN NIE NODIG OM DIE TAKE TE VOLTOOI NIE.**<br>https://www.youtube.com/watch?v=sZJfRxcSIYI<br>https://www.youtube.com/watch?v=J4ZM7LwUPJc<br>https://www.youtube.com/watch?v=UMxtqmKQ-sI<br><br>Volgende keer gaan ons twee videos kyk oor die maak van sjokolade. Dan gaan jy 'n vloeidiagram maak daaroor. Maar dit daar gelaat vir nou. Eet solank 'n sjokolade of twee om jou te inspireer.<br><br>Groete<br>Meneer Sadie |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | LO - https://youtu.be/BDbbG60nO_E<br>Kuns – Volg die program in die "memo folder". **OPSIONEEL** |